Hof toe oor oond?

JOHAN NEL

Inwoners van Wellington dreig met regstappe teen die amptenare van Drakenstein-munisipaliteit wat nie hul navrae oor die beoogde verbrandingsoond vir die dorp beantwoord nie.

Volgens die komitee wat deur die dorp se inwoners aangestel is om die planne van die stadsraad te ondersoek, het hulle geen antwoord op die stringe navrae ontvang wat oor die afgelope paar maande aan die amptenare gestuur is nie.

"Ons wil met die betrokke amptenare om 'n tafel gaan sit en die voor- en nadele van hierdie verbrandingsoond volledig bespreek. Ons voel ons word om die bos gelei deur die amptenare wat verklarings oor die beoogde oond uitreik wat baie beslis nie met die werklikheid strook nie," het 'n ontstoke komiteelid die afgelope week gesê.

Onder die komiteelede wat deur die inwoners aangesê is om die planne van die raad te ondersoek, is daar kundiges wat reeds deeglike navorsing oor die oprigting van soortgelyke verbrandingsoonde gedoen het. Onder hulle is byvoorbeeld drie ingenieurs van wie een ondervinding het van die oprigting van soortgelyke oonde.

Die algemene konsensus onder komiteelede is dat daar geen sprake kan wees dat so 'n verbrandingsoond nie 'n baie negatiewe uitwerking op Wellington en omgewing sal hê nie.

"Selfs stellings deur die amptenary dat die oond die dorp kan help om beurtkrag vry te spring, strook hoegenaamd nie met die werklikheid nie. Volgens die amptenary sal die oond Wellington kan help om 10 megawatt elektrisiteit op te wek. Om fase een beurtkrag af te weer moet minstens 1 000 megawatt elektrisiteit deur so 'n oond opgewek kan word en dit is onmoontlik! Nog 'n wanvoorstelling is om te sê dat die oond groen elektrisiteit sal opwek.

"Geen verbandingsoond kan groen elektrisiteit opwek nie – groen krag kan slegs hidro-elektries opgewek word of deur windkrag, sonkrag of seekrag."

Die komitee het daarom besluit dat, indien die amptenary verder sloer om die nodige inligting aan die komitee te verskaf, daar by 'n hof aansoek gedoen sal word dat die raad gedwing word om alle relevante inligting onverwyld aan die komitee te verskaf.

Munisipale bestuurder Johann Mettler het egter gesê dat 'n finale en ingeligte besluit oor hierdie projek eers geneem kan word as al die verslae en omgewingsimpakstudies op die tafel is.

"Dit blyk dat sekere groepe voortydig 'n besluit wil afdwing deur druk in die media en dit sal onregverdig wees teenoor die res van Drakenstein wat sal help betaal aan die verhoogde kostes," het Mettler gesê.

"Ons versoek dus alle belanghebbendes om enige besware of kommentare aan die konsultante deur te gee wat die finale bestekverslag opgestel het. Die sluitingsdatum vir kommentaar is 21 Augustus."

Hy het bygevoeg dat die afval-tot-energie-aanleg nie 'n verbrandingsoond is nie.

"Sulke terminologie is duidelik gemik op sensasie en is uiters misleidend. Die afval-tot-energie-aanleg maak gebruik van hitte en stoom-energie om elektrisiteit op te wek. 'n Verbrandingsoond verbrand net afval sonder om enige ander doelstellings te bereik."

Mettler het gesê dat die munisipaliteit deurlopend sy volle samewerking gegee het om seker te maak dat die gemeenskap toegang tot alle relevante inligting het.

"Om die teendeel aan te voer is ten beste totaal oningelig en ten slegste, ter absolute kwader trou. Die komitee wil egter nie hulle samewerking gee om vrae op skrif in te handig nie en wil ook nie die fooie betaal, wat elke ander inwoner wat inligting versoek, moet betaal nie."

** Residents of Wellington are threatening court action if they are not given the necessary information about the planned waste to energy plant.*